PERFECT DELIVERY - RANGLYSSTELSEL

Daar heers baie opgewondenheid oor die bekendstelling van Perfect Delivery se ranglysstelsel met die aanvang van die 2014/2015-seisoen. Ons hoop dit gaan een van die belangrikste meganismes word om die rangorde en deelname van rolbalspelers uiteen te sit. Verder glo ons dat dit die geleentheid gaan bied vir toeskouers (spelers wat nie kwalifiseer vir die ranglysstelsel nie) om te kyk hoe vorder hulle mede-klublede en vriende wat wel kwalifiseer.

Perfect Delivery het besluit om die ranglysstelsel self te ontwikkel. Op die oomblik is daar nie enige ranglys vir rolbalspelers nie en hoewel ons besef het dat so ʼn stelsel kan lei tot baie ontevredenheid en klagtes, het ons besluit om tog voort te gaan met die ontwikkeling van die stelsel. Daar sal natuurlik aanvanklike probleme wees en die stelsel sal nie alle rolbalspelers tevrede stel nie, maar ons hoop om konstruktiewe terugvoer van rolbalspelers te ontvang sodat ons die stelsel kan verbeter om die meeste rolbalspelers tevrede te stel. Dit sal dus ontwikkel en verbeter word sodat dit billik en regverdig is vir die meeste rolbalspelers.

Tydens die ontwikkelingsfase het ons ʼn taakspan wat saamgestel is uit uitvoerende lede van Rolbal SA, die nasionale spanbestuurder, Rolbal SA spelerverteenwoordiger en Protea-speler, asook ‘n distrikpresident en provinsiale spelers geraadpleeg. Alle insette, dus u insette ook, is vir ons van die uiterste belang en ons verwelkom alle terugvoer!

Hoe om te registreer as deelnemer (deelnemende speler wat op die ranglys geplaas wil word) of toeskouer (rolbalspeler wat nie op die ranglys wil wees nie, maar tog wil volg hoe ander spelers vorder volgens die stelsel)?

- Kyk op Perfect Delivery se webblad – www.perfectdelivery.co.za
- Klik op “Perfect Delivery Club”
- Registreer by “Sign Up” – vul u e-posadres en wagwoord in
- Klik dan op “Perfect Rank” om deel te neem
- Vul u profiel in
    - Dui aan of u wil registreer as toeskouer (speler wat nie op die ranglys wil wees nie)
- Sodra u gevorder het tot die laaste 16 of beter in toernooie wat in aanmerking kom, moet u die resultate invul (onder “Add Results”)
- Klik op “View Results” om te kyk wat die rangorde van deelnemende spelers is. Resultate kan nagegaan word op Nasionale, Distrik- of Klub-vlak. Die resultate is ook beskikbaar as gekombineerde ranglys (mans én vroue), of as afsonderlike ranglyste vir mans en vroue.

Lees asseblief die lys van antwoorde op vrae wat meeste gevra word (“FAQ”) om beter te verstaan hoe Perfect Delivery se ranglys werk en wat die agtergrond van die ranglys is.

Sterkte vir alle deelnemers! Ons hoop u geniet ʼn fantastiese rolbalseisoen, gekenmerk deur sukses, maar veral baie pret en genot!

Vriendelike groete

GC Swanepoel